# OECD, SARS EN NASIONALE TESOURIE SIT VENNOOTSKAP VOORT OM BELASTINGSAMEWERKING TE VERSTERK

**Pretoria, 11 Januarie 2019** – Die Organisasie vir Ekonomiese Samewerking en Ontwikkeling (OECD), Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) en Nasionale Tesourie van Suid-Afrika (Nasionale Tesourie) het 'n memorandum van samewerking (MOC) onderteken, wat ooreenkom om voortdurend saam te werk in die area van belasting. Die MOC is in werking tot Desember 2023.

Die drie partye het 'n lang geskiedenis van samewerking en die MOC verskaf die voortsetting van sodanige samewerking ter bereiking van die gemene doelwit om regverdige en doeltreffende belastingstelsels en -administrasies aan te moedig, internasionale belastingareas te verskerp en te moderniseer deur die deel van ondervindinge tussen SARS, Nasionale Tesourie en OECD-ledelande.

Die MOC is in Pretoria, Suid-Afrika onderteken deur Mnr. Ben Dickenson, hoof van die OECD se Wêreldverhoudinge en Ontwikkelingsafdeling by die Sentrum vir Belastingbeleid en Administrasie, Mnr. Mark Kingon, waarnemende kommissaris van SARS, en Stadi Mngomezulu, waarnemende direkteur-generaal van Nasionale Tesourie (wat namens Dondo Mogajane, direkteur-generaal van Nasionale Tesourie geteken het).

Gedurende die ondertekeningseremonie het Ben Dickenson gesê: "Ek is verheug dat ons ons vennootskap met SARS en Nasionale Tesourie versterk. Ons het saam suksesvolle opleidingsgeleenthede aangebied as deel van die wêreldverhoudingeprogramme in die afgelope jare en ek sien daarna uit om ons samewerking uit te brei na saamgesmelte onderrig en e-onderrig in 2019.

"Dit is deur samewerkende ondernemings soos hierdie wat ons ons pogings kan verskerp om belastings in te vorder en ons demokrasie kan versterk," het Dondo Mogajane, direkteur-generaal van Nasionale Tesourie gesê.

Mark Kingon het gesê dat die OECD-Suid-Afrika samewerking in die areas van belastingbeleid en -administrasie oor die afgelope jare uiters voordelig was vir al die betrokke partye.

"Daarom is die verlenging hiervan vir 'n verdere vyf jaar die natuurlike ding om te doen. Ek is bly oor die voortsetting van die gestruktureerde verhouding met die OECD wat die MOC aan SARS sal verskaf, veral met die fokus op 'n regering-as-geheel-benadering tot belastingadministrasie, asook verdere slyping van die vaardighede van ons beamptes in internasionale belasting."

Vir meer inligting, besoek asseblief:

- OECD: www.oecd.org/tax
- Nasionale Tesourie: www.treasury.gov.za
- SARS: www.sars.gov.za



*Nasionale Tesourie, SARS en die OECD het vandag 'n memorandum van samewerking (MOC) onderteken ter ooreenkoming van samewerking in die area van belasting. Die MOC is in werking tot Desember 2023. Die MOC word by SARS Hoofkantoor in Pretoria onderteken deur: van links, Stadi Mngomezulu, waarnemende direkteur-generaal van Nasionale Tesourie (wat namens Dondo Mogajane, direkteur-generaal van Nasionale Tesourie teken), Mark Kingon, waarnemende kommissaris van SARS en Ben Dickenson, hoof van die OECD Wêreldverhoudinge en Ontwikkelingsafdeling by die Sentrum vir Belastingbeleid en Administrasie.*